



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

21 OKTOBER 2018

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

## GEMEENTEBULLETIN

### EREDIENSTE

GESAMENTLIKE DIENS			21 Oktober		28 Oktober		
Nagmaalsfees (Lukas 22:7-23)	09:00	Kerk	Gesamentlike oggenddiens	Ds. Potgieter	5	Ds. Potgieter	3
					6		8
	09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Ds. Visagie	-
JEUGDIENS	09:00	Tent	Blokdiens vir die nuwe lidmate	Ds. Breytenbach	-	Geen diens	-
Die verbond van liefde (Jeremia 31:31-33)	18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Ds. Potgieter	-
	19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Visagie	11	Ds. Breytenbach	12

### BLOKDIENS NUWE INTREKKERS

Watter plek is dit  
hierdie?

Genesis 28

### KLEUTER- EN PEUTERKERK

In die  
komiteekamer by  
kerkkantoor.

### DEURKOLLEKTE

Klipheuwel-crèche

### GESINSDIENS VERSKUIF

Die Gesinsdiens verskuif vanoggend en volgende Sondag na die kerk om deel van die gesamentlike diens te vorm.

### BLOKDIENS VIR NUWE INTREKKERS

Alle nuwe lidmate wat die afgelope jaar by die gemeente aangesluit het, word uitgenooi na 'n spesiale blokdiens om 09:00 in die tent.

### STELLENBERG-BYBELSKOOL

Die Ou Testament het oor 'n lang tydperk tot stand gekom en in dié vier-weke-kursus ondersoek ons die proses – wie die vertellers van verhale was en wat hulle daardeur wou kommunikeer.

Aanbieder: ds. Marius Breytenbach

Datums: Dinsdagaande (13,20,27 Nov. asook 4 Des.) om 19:00-20:30.

Koste: R30. Plek: Stellenberg-kleinsaal

Inskywings: Karin Barter by 021 976 4519, of [karin@stellenberg.co.za](mailto:karin@stellenberg.co.za).

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Alle graadgroepe ontmoet om 10:00 in die kerk. Ons begin met 'n splinternuwe feesreeks.
- JEUGDIENS: Begin om 18:00 met kleingroepe na die diens.
- SENIORKLEINGROEOPLEIERS: Opleiding om 17:00.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE: Vir jong volwassenes, kom op Woensdae om 18:30 bymekaar. Kontak jeugkantoor vir info.
- **BLISS**: Groep vir jong volwassenes kom tydens die feesmarktyd vanaf **14 Oktober tot 4 November om 16:30 tot 18:00 in die kapel** bymekaar, met selgroepe Woensdae om 18:30. Kontak jeugkantoor vir meer info.
- GRAAD 1-TOT-3-KAMP: 9 tot 10 November in die grootsaal. Inskrywingsvorms is op [www.stellenberg.co.za](http://www.stellenberg.co.za) beskikbaar.
- GRAAD 9-EN-10-KAMP: 26 tot 28 Oktober. Kry inskrywingsvorms op [www.stellenberg](http://www.stellenberg) of skryf via die jeug-app in .
- JEUG-APP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". Laai af en geniet!
- DELFT-UITREIK: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.

## GEMEENTEKOMMUNIKASIE

Ons wil graag die maandelikse gemeentekoerant *Stellenberger* asook die weeklikse bulletin elektronies aan lidmate versprei. Indien jy nog nie nuus elektronies ontvang nie, stuur asb. 'n e-pos aan [sanel@stellenberg.co.za](mailto:sanel@stellenberg.co.za)

## VATVYF - BYEENKOMS 24 OKTOBER

Ons kuier by die Feesmark op Woensdag 24 Oktober om 10:00. Ons kom eers in die kapel byeen om na twee feesmarkuitstallers se lewensverhale en entrepreneurskapstories te luister. Daarna geniet ons 'n koppie tee/koffie/cappuccino en 'n soetigheid in die feesmarkrestaurant. Koste R20 per persoon. Besprekings by Karin 021 976 4519 voor of op 22 Oktober.

### KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1 tot 7: Kerk

Graad 8 tot 10: Kerk

Graad 11: Tent

### KAFETERIA EN TEETUIN

Die kafeteria en teetuin verskuif vanaf 14 Oktober tot 4 November na die restauranttent van die Feesmark. Tee word gratis bedien en koffie, verversings en cappuccino's kan gekoop word.

### MANNEKAMP

#### 9 EN 10 NOVEMBER

Kom beleef geestelike verdieping, saamwees en 'n geleentheid om die Heilige Gees weer te ervaar. Ons hoop om die mannekampe te laat herleef en hierdie is die eerste aanbieding.

Koste: R950.00, sluit etes en materiaal in. Navrae:

Retief Ueckermann  
082 498 3448.

Besprekings: Lindy by  
021 976 4519 of  
[lindy@stellenberg.co.za](mailto:lindy@stellenberg.co.za),  
R400 deposito.

## FEESMARK 17 OKT. TOT 3 NOV.

Die Feesmark is volstroom aan die gang. Besoek die mark en restaurant weksdae tussen 10:00 en 20:00 en Saterdag tussen 09:00 en 18:00. Ons vra lidmate se voorbidding vir dié groot projek. Die Feesmark is een van ons gemeente se grootste fonds-insamelingsprojekte.

## KERSPAKKIES RUYTERWACHT SENIORS

Ons wil graag die Ruyterwacht Senior Sentrum ondersteun met die Kerspakkies wat hulle vir hulle lede saamstel. Hulle benodig 260 boksies met wigkasies en 260 pakke malvalekkers. Produkte kan by die kerkkantoor afgegee word.

## MET LEEDWESE

Susanna Maria (San) Cillié gebore 28/08/1921 en oorlede op 17/10/2018. Sy was sedert 1984 'n gewaardeerde en betrokke lidmaat van die gemeente. Begrafnisreëlings is nog nie bekend nie. Ons meegevoel met haar kinders en kleinkinders wat sy agterlaat.

## TIENDEMAANDINSAMELING 2018

- Met die oog op die tiendemaandinsameling in November, versoek ons dat jy biddend sal oorweeg om as dit moontlik is, jou gewone maandelikse bydrae vir hierdie spesiale maand tot 'n tiende van jou inkomste te verhoog.
- Bring asseblief op Sondag 4 November (of enige ander Sondag in November) jou tiendemaandbydrae, of bewys van die bydrae, in 'n leë blikkie saam na die erediens toe en in ruil daarvoor sal jy 'n spekboompie ontvang. Kontant moet asseblief in 'n toegeplakte kovert binne-in die blikkie geplaas word.

*Jeremia 17:8 "So iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie."*

## EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 25 Oktober om 15:00 en 15:45

Handelinge 23: Paulus voor die Joodse raad ... en die gevolge daarvan

## HUISBYEENKOMS

Sondag 28 Nov. 18:00

1 Johannes 4 & 5: Liefde ... God se oplossing vir konflik!

## CONSPIRITO -KOOR

bied aan:

'n Lofprysingsaand op Vrydag 26 Oktober 19:30

by die Gereformeerde Kerk, Bellville-Oos, Cherrystraat, Bellair.

Kom sing saam met koormusiek, koperblasers en soliste.

Kaartjies @ R60 by die deur te koop.

## DR. FRANCOIS CARR

bied aan

"Coaching" met dissipelskapskursus op 30 en 31 Oktober by NG Kerk La Rochelle. Koste: R250 vir die eerste persoon in 'n gesin en R150 vir alle ander gesinslede.

Navrae: Hansie Louw  
082 776 5462 of  
hansielouw2@gmail.com

## VAKATURE NG KERK IN SUID-AFRIKA

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-Kaapland) nooi hiermee geskikte kandidate uit om aansoek te doen om die pos as kommunikasiebestuurder. Die suksesvolle kandidaat moet 'n aanvoeling vir die kerklike omgewing hê en ondervinding van die NG Kerk se strukture sal die aansoek versterk. **Sluitingsdatum:** Donderdag 8 November 2018 om 12:00. **Navrae:** Kenny Raats by [ngkadmin@kaapkerk.co.za](mailto:ngkadmin@kaapkerk.co.za), of 082 886 5643, of Francois Herselman (voorsitter van die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie) by [fherselman1@telkomsa.net](mailto:fherselman1@telkomsa.net) of 081 270 3226.

## VAKATURE NG KERK WELGEMOED

Die NG Kerk Welgemoed het 'n vakature vir 'n Administratiewe Bestuurder. Die geskikte kandidaat moet oor gepaste kwalifikasies beskik en bewese kommunikasie-, administratiewe, en interpersoonlike vaardighede beskik. 'n Agtergrond in menslike-hulpbronbestuur sal tot die aansoeker se voordeel strek.

Stuur asb. volledige CV met bewys van kwalifikasies en volledige diensrekord na die Administratiewe Bestuurder, Diasstraat 15, Welgemoed, 7530, [ngkwlgmd@iafrica.com](mailto:ngkwlgmd@iafrica.com). **Sluitingsdatum:** 19 Oktober 2018 en diensaanvaarding op 1 Februarie 2019.

## ONS BID VIR MEKAAR

- Etienne van Wyk, Mosellestraat. Hy is steeds in die Vincent Pallotti Hospitaal vir rehabilitasie.
- Seppie en Settie Malherbe, Pinehurst. Hulle het beide chirurgie ondergaan om kanker te behandel.
- Hester Horne, Ridgeworth. Sy is ongesteld en sterk tans by haar suster aan.

## GEBEDSGROEPE

**Maandag 09:15** – vrouebiduur in die gebedskamer.

**Geen biduur op Dinsdag 16 Oktober om 18:30 in die kapel nie.** Byeenkomste hervat op 23 Oktober.

**Donderdag 06:00** – gebedsbyeenkoms vir mans in die markplein.

## NUUT IN DIE GEMEENTE

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, kontak ons asseblief. Ons wil jou graag persoonlik ontmoet. Jy kan na die oggenddienste by die inligtingstoonbank aanmeld, of stuur 'n e-pos aan [odette@stellenberg.co.za](mailto:odette@stellenberg.co.za), of gesels na die diens met die prediker.

## BREIGROEP

Die breigroep kom weer op 5 November om 09:30 in die feesmarkrestauranttent byeen.